

## Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2018/10/15		DATUM 2018/10/12			+ - WEEK GELEDE 2018/10/08		+ - MAAND GELEDE 2018/09/17			+ - JAAR GELEDE 2017/10/16			
	Data		Δ	Δ%	Data	Δ	Data	Δ	Data	Δ	Data			
	Data	Data	Data	Data	Data	Data	Data	Data	Data	Data	Data			
Brent (\$/b)	80.94	-3.9%	↓	-4.6%	84.88	↓	-3.9%	84.19	↑	4.4%	77.52	↑	40.0%	57.83
US\$: ? ZAR	14.48	0.010	→	0.1%	14.47	↓	-2.5%	14.85	↓	-2.9%	14.92	↑	8.6%	13.33
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 129.70	25	→	1.2%	R 2 104.30	* CBOT Dec cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Mielies Dec + -12 : 00 die vorige dag								
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 751.76	28	→	1.0%	R 2 723.27	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 vandag vs CBOT Koring Dec + -12 : 00 die vorige dag								
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 614.99	21	→	0.5%	R 4 593.73	* CBOT Nov cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Sojabone Nov + -12 : 00 die vorige dag								
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)														
Corn Des '18	373.60	4.20	↑	1.1%	369.40	↓	1%	368.20	↑	7%	348.00	↓	-6%	395.75
Wheat Des '18	517.20	5.00	↑	1.0%	512.20	↓	-1%	521.00	↑	2%	506.25	↑	0%	515.00
Soybean Nov '18	867.40	3.40	↑	0.4%	864.00	↓	0%	869.00	↑	5%	823.50	↓	-14%	1004.75
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))														
SORGHUM Mar '19	3600.00	0	↑	0.0%	3600.00	↑	0.0%	3600.00	↑	0.0%	3600.00	#VALUE!	NA	NA
WMAZ Oct '18	2358.00	-12	↓	-0.5%	2370.00	↓	-1.8%	2402.00	↓	-1.6%	2396.00	↑	25.8%	1874
WMAZ Jul '19	2535.00	-7	↓	-0.3%	2542.00	↓	-2.1%	2590.00	↓	-0.5%	2549.00	↑	22.8%	2065
YMAZ Oct '18	2397.00	-4	↓	-0.2%	2401.00	↓	-2.0%	2445.00	↓	-1.3%	2428.00	↑	21.7%	1970
YMAZ Jul '19	2518.00	-6	↓	-0.2%	2524.00	↓	-2.1%	2573.00	↓	-0.9%	2542.00	↑	17.8%	2138
SOY Oct '18	4600.00	26	↑	0.6%	4574.00	↑	1.5%	4534.00	↓	-0.2%	4611.00	↓	-3.1%	4745
SOY Mei '19	4833.00	2	↑	0.0%	4831.00	↑	0.4%	4815.00	↓	-1.4%	4902.00	↓	-2.2%	4940
SUN Oct '18	5094.00	-26	↓	-0.5%	5120.00	↓	-3.5%	5280.00	↓	-2.3%	5212.00	↑	13.3%	4496
SUN Mei '19	4989.00	-44	↓	-0.9%	5033.00	↓	-1.9%	5084.00	↓	-2.7%	5127.00	↑	6.7%	4674
WHEAT Oct '18	4390.00	0	↑	0.0%	4390.00	↓	-1.3%	4450.00	↓	-1.1%	4438.00	↑	6.0%	4142
WHEAT Des '18	4437.00	-33	↓	-0.7%	4470.00	↓	-2.5%	4549.00	↓	-2.3%	4542.00	↑	7.1%	4144
OLIESADE (US\$/ton)	2018/09/28	Bron: Oilworld				2018/09/21	2017/11/13	2016/12/12						
Soya-oil, Arg.	663	↓	-0.3%	665	↓	-14%	769	↓	-2%	676				
Soya-pell, Arg.	346	↑	1.5%	341	↑	2%	339	↓	-6%	368				
Soybean, Brazil	405	↑	0.0%	405	↓	-1%	410	↓	-1%	410				
USA Runner 40/50	1330	↑	0.0%	1330	↓	-17%	1600	↑	2%	1300				
Sun-oil, Arg.	675	↓	-1.5%	685	↓	-11%	755	↓	-16%	800				
Sun-oil, Black Sea	670	↓	-2.2%	685	↓	-11%	750	↓	-11%	750				
Sunseed,Black Sea	340	↓	-1.4%	345	↓	-15%	400	↓	-17%	409				
Rapeseed, EU cif	431	↓	-1.1%	436	↑	1%	425	↑	8%	399				
Palmk oil Mal, EU	800	↓	-3.6%	830	↓	-46%	1470	↓	-23%	1037				
<b>JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE</b>														
<p><b>Sojabone:</b> Die verwagting vir die nuwe seisoen is dat die Suid Amerikaanse sojabone produksie ongeveer 22 miljoen ton meer behoort te wees as die vorige seisoen se produksie met die totaal wat op 190.4 miljoen ton geskat word. Die toename wat verwag word in die Suid Amerikaanse produksie word grootliks gedryf deur die groot vraag na Suid Amerikaanse sojabone in Sjina en dit veroorsaak dat daar groot premies vir Suid Amerikaanse sojabone in die internasionale konteks betaal word. Argentinië se produksie sal ook aansienlik meer wees as verledse seisoen se produksie wat bydra tot die skerp jaar-op-jaar toename. Argentinië het die vorige seisoen swaar gebuk gegaan onder droë toestande wat die sojabone produksie onder druk geplaas het vir die seisoen. Alhoewel die USDA verledse week, teen alle verwagtinge, die Amerikaanse sojabone produksie vir die seisoen effens laer aangepas het, het hulle steeds die Amerikaanse sojabonevoorraad hoër aangepas in dieselfde skatting. Dit is grootliks as gevolg van die groot oordragvoorraad waarmee die VSA hierdie seisoen sal sit as gevolg van die meer beperkte uitvoere wat hierdie seisoen na Sjina toe plaasgevind het. Die Amerikaanse produksie vir die 2018/19 seisoen word steeds verwag om nuwe rekord vlakke te bereik met goeie opbrengste wat tot dusver gerapporteer was. Die stroop proses van sojabone in die VSA het goed gevorder vir die eerste paar weke, maar die afgelope twee weke was die weersomstandighede nie gunstig vir die stroop proses nie. Koue en nat toestande in groot gedeeltes van die VSA se produksiegebiede het veroorsaak dat die stroop proses vertraag was die afgelope twee weke. Die Sjinese sojabone invoere vir die seisoen is aansienlik laer as die vorige seisoen se invoere en dit is duidelik dat die vraag na sojabone baie sterk is in Sjina. Die aankopers het vir die 3de agtereenvolgende week al die staatsreserwe sojabone wat op die onderskeie weeklikse veiling aangebied was opgekoop. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sojabone mark het verledse week gemeng verhandel en het aanvanklik in die week goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel, voordat dit later in die week weer onder druk gekom het om byna onveranderd te sluit vir die week. Die wisselkoers was verledse week een van die grootste drywers van die plaaslike prys en die wisselkoers was baie wisselvallig. Dit het eers verswak voordat dit na die einde van die week toe weer goed versterk het.</p> <p><b>Sonneblomsaad:</b> Die sonneblomsaad produksie in Rusland en die Oekraïne het goed herstel vir die 2018/19 seisoen en die hoër produksie en voorraad het veroorsaak dat die verwerkings van sonneblomsaad in hierdie lande toegeneem het vir die seisoen. Die verwerking het veral in die Oekraïne goeie toenames getoon wat die uitvoere van sonneblom olie en meel. Die sonneblomsaad stroop proses in die Oekraïne is op 87% voltooi gerapporteer teen einde verledse week met 11.6 miljoen ton wat reeds gestroop is. Verledse seisoen teen dieselfde tyd van die jaar was 9.7 miljoen ton reeds gestroop. Die gemiddelde opbrengs wat tot dusver gerapporteer is, is 2.2 ton/ha teenoor verledse seisoen se 1.9 ton/ha. In Rusland is ongeveer 47% van die sonneblomsaad reeds gestroop met die gemiddelde opbrengs wat tot dusver gerapporteer is wat laer is as die vorige seisoen se opbrengs. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sonneblomsaad het verledse week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. In verledse week se weeklikse produsente lewingsverslag was gerapporteer dat 149 ton se sonneblomsaad gelewer was met die totaal vir die seisoen wat op 851 881 ton gerapporteer was.</p> <p><b>Kanola:</b> In Kanada was die weerstoestande vir die eerste gedeelte van Oktober steeds ongunstig en dit het die stroop proses daar vertraag. Die stroop proses vir die seisoen word op 61% voltooi gerapporteer wat wesenlik stadiger is as verledse seisoen dieselfde tyd van die jaar. Die gemiddelde opbrengs wat tot dusver hierdie seisoen gerapporteer is, is egter hoër as die opbrengs van 'n jaar gelede. Die kanola uitvoere was gedurende Augustus 25% laer as die vorige jaar se uitvoere gedurende Augustus en dit was teen 'n 5 jaar laagtepunt vir die maand. Die grootste afname in die uitvoere van Kanadese kanola was na Japan, Meksiko en die VAE. <b>Plaaslik:</b> Die stroop proses van kanola het begin in sommige gedeeltes van die Weskaap en die terugvoer wat tans ontvang word is dat die opbrengste in hierdie gedeeltes baie goed is.</p> <p><b>Grondbone:</b> In die VSA is die stroop proses van grondbone aan die gang en in verledse week se weeklikse USDA skatting was die stroop proses op 33% voltooi gerapporteer. Dit is beter as die 5 jaar gemiddelde stroop tempo van 31% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. Die grondbone produksietoestande was op 70% goed tot uitstekend gerapporteer wat 1% swakker is as die vorige week se produksietoestande wat op 71% goed tot uitstekend gerapporteer was. Die vorige seisoen se produksietoestande teen dieselfde tyd van die seisoen was op 72% goed tot uitstekend geskat. <b>Plaaslik:</b> In die plaaslike mark moet die voorbereiding weer begin vir die nuwe seisoen se aanplantings en die weerstoestande in die volgende paar weke sal fyn dopgehou word.</p>														
Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grains.co.za														